USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
University of Stellenbosch Business School

USB agenda
University of Stellenbosch Business School
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Learning • Linking • Leading Leer • Skakel • Lei

Die krag van sterk bestuur

Skrywer: Frik Landman
Publikasie: USB Agenda
Datum: April 2013

Hoe bou ons Afrika? Waar sal ons hulpbronne die grootste impak hê? Frik Landman, uitvoerende hoof van USB Bestuursontwikkeling (USB-BO), verken die rol van bestuursopleiding in Afrika.

Die uitdagings wat Afrika in die gesig staar is enorm en onbetwisbaar. Baie is al gesê en geskryf oor die ekonomiese, sosiale en omgewingsongelykhede wat ons op hierdie vasteland konfronteer.

Tog beskik hierdie landskap oor meer as 60% van die wêreld se ploegbare grond en meer as sy regmatige aandeel van natuurlike hulpbronne. Ons ontvang ook beduidende direkte investerings vanaf die buiteland. Die potensiaal van ons groeiende verbruikersmark is massief, ons bevolking is jonk en die werkerskorps is aan die toeneem. Daar is positiewe aanwysers van groeiversnelling, en daar is geleenthede en uitdagings om die potensiaal in landbou, kleinhandel, hulpbronne en infrastruktuur te ontsluit.

Die groot vraag is: As ons hierdie hulpbronne en geleenthede het, waarom dan die uitdagings wat in die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte manifesteer en waarom is die vordering so traag? As jy nie sinies is nie, is daar nie 'n maklike, gladde antwoord vir hierdie sistemiese probleme nie. Die oplossing is ook nie enkelvoudig nie en dit lê ook nie in 'n 'wondermiddel' nie.

Een manier om na hierdie *problématique* te kyk, is om 'n veranderlike met 'n hoë hefboomkrag in die stelsel te identifiseer wat, as dit onttrek word, 'n beduidende invloed kan hê op die posisionering van die betrokke landskap om volhoubare groei vir al sy mense te bevorder.

Neem beter bestuursbesluite

'n Deel van die antwoord is verberg in die feit dat ons miljoene bestuurders op die vasteland het wat daagliks besluite neem, van operasionele tot strategiese vlak. Elke besluit wat deur 'n bestuurder geneem word, het gevolge. En al die gevolge saam vorm die lewensgehalte wat ons op hierdie vasteland ervaar. Hierdie bestuurders bedryf, beïnvloed en beheer hulpbronne in die openbare en sakesektors. Dit is daarom taamlik duidelik dat hulle die geleentheid het om 'n beter Afrika te vorm. Dit is hul taak om hierdie hulpbronne in resultate te omskep vir Afrika se mense. Hulle moet ook die primêre doelwitte van 'n ekonomiese beleid behaal, naamlik volhoubare ekonomiese groei en sosiale ontwikkeling.

Dit is dus uiters belangrik om bestuurskapasiteit op te bou om die beoogde resultate te kry, naamlik om armoede te verminder en om gesondheidsorg, opvoeding, infrastruktuur, dienslewering en ekonomiese groei te verbeter. Entiteite wat op die ontwikkeling van bestuurders fokus, kan kragtige en invloedryke platforms bied om dié bestuurders saam te roep en om hulle toe te rus om hul eie organisasies te lei sodat hulle 'n sterk krag vir die beswil van Afrika kan word.

Ek wil graag vanuit verskillende perspektiewe na hierdie landskap kyk.

Studeer by 'n erkende instansie

Daar is té min goeie instansies op die vasteland wat die aantal bestuurders kan oplei wat vir die toekoms benodig word. Afrika het na raming 90 instansies wat een of ander vorm van 'n MBA van wisselende gehalte aanbied. Slegs sowat ses sakebestuursinstansies op die kontinent voldoen aan internasionale standaarde soos die AACSB, EQUIS en AMBA. Aan die ander kant het Indië, met 'n soortgelyke bevolking as Afrika, meer as 1 000 bestuurskole wat 'n MBA aanbied bo en behalwe ander instansies wat op algemene bestuur fokus. Dit maak Afrika se uitdaging baie duidelik.

Om vrywillige vennootskappe en samewerkingsverhoudings tussen belangegroepe in die openbare sektor, sakesektor en burgerlike samelewing te skep, kan 'n beginpunt wees vir die bereiking van hierdie vasteland se gemeenskaplike ideale.

Verken die rol van bestuurskole

Doelgerigte pogings is nodig om die gehalte van Afrika se instansies te verbeter. Bestuursontwikkelingskole moet – in ooreenstemming met die missie van die Verenigde Nasies se Principles for Responsible Management Education (PRME) – 'veg vir verantwoordelike bestuursopleiding, navorsing en denkleierskap'. Dít word in ses beginsels verwoord wat ek graag wil herformuleer. Die doel van 'n bestuurskool as 'n vennoot vir volhoubare vooruitgang is dus om die volgende te doen:

- **Ontwikkel** die vermoëns van bestuurders sodat hulle in die toekoms volhoubare waarde vir sake, die regering en die samelewing kan genereer
- **Neem** die groter samelewing en ons onderlinge verwantskappe in ag, en werk doelgerig om 'n inklusiewe en volhoubare wêreldekonomie daar te stel
- **Integreer** die waardes van wêreldwye sosiale verantwoordelikheid in akademiese aktiwiteite en kursusse
- **Skep** 'n ryk leeromgewing wat doeltreffende leerervaringe moontlik maak en mense help om verantwoordelike leiers te word
- **Neem deel** aan beduidende teoretiese en pragmatiese navorsing wat 'n beter begrip van organisasies (openbare sektor, sakesektor, burgerlike samelewing) bevorder in die soeke na 'n volhoubare toekoms.

Om bogenoemde te kan doen, is genoegsame en goed opgeleide akademici nodig. Dit is 'n basishulpbron, maar dit is ook in baie gevalle 'n hulpbron wat al kleiner word.

Werk saam met ander skole

Afrika se huidige bestuursontwikkelingsentiteite kan nie alles alleen bemeester nie; ons is te min, ons hulpbronne is beperk en dit is 'n uitdaging om alles vir almal te wees. Boonop is die taak kompleks en benodig dit 'n hele aantal deelnemende belanghebbendes vir verskillende redes. Deel hiervan is dat bestuurskole saam met bestuurders van organisasies (sakesektor, regering, burgerlike samelewing) moet werk om hul begrip van die uitdagings van ekonomiese, sosiale en omgewingsverantwoordelikhede te versterk en om gesamentlik doeltreffende benaderings te verken om hierdie uitdagings te kan hanteer. Hierdie skole moet diskoers en debat tussen eenhede in die sakewêreld, regering en burgerlike samelewing fasiliteer en ondersteun oor kritieke kwessies soos verantwoordelike leierskap en ekonomiese, sosiale en omgewingsvolhoubaarheid.

Die bestuur van Afrika

Hoëgehalte-bestuursontwikkeling is geensins 'n wonderkuur nie, maar dit is 'n enorme krag wat bestuurders in staat kan stel om hul eie organisasie se missie doeltreffend uit te voer en om dit met 'n volhoubare waardestelsel te ondersteun.

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, kliek hier of gaan na die USB se ThoughtPrint-webwerf.